# DIE GESPREK MET DIE BEJAARDE

*deur*

DR. S. J. PRINS

## A. Inleiding :

Die pastorale gesprek is die vernaamste instrument in die hand van die sielsorger, ook wanneer hy die bejaardes besoek. Die pastorale gesprek verskil egter van die gewone gesprek in die sin dat eersgenoemde plaasvind op die basis van Gods Woord en onder direkte beheer daarvan staan.

## B. Voorwaardes :

Die dieperliggende en wesensvoorwaardes wat gestel word aan elke gesprek, geld ook vir die pastorale gesprek, maar in laasgenoemde geval is dit altyd meer verinnig. Die predikant moet naamlik tydens die pastorale gesprek die volgende in ag neem :

(1) **Hy moet onbevooroordeeld wees.** As gevolg van hulle fisiese en geestelike aftakeling is bejaardes nie meer so aantreklik en gemaklik in hulle omgang soos eers nie. Dit moet egter vir die dominee geen saak maak nie. Gedring deur die liefde vir Christus moet hy ook die oumens sien en behandel as 'n volwaardige mens met 'n siel, waarvan die sorg aan hom toevertrou is. Derhalwe sal die predikant hom moet oefen in die kuns van aanvoelende meebelewing van die oumens se lewe en toestand.

(2) **Hy moet die bejaarde sien as 'n persoon met 'n eie waarde en -identiteit.** Hierdie eis word egter verryk deur hom ook te respekteer as kind van God en as broeder in Christus.

(3) **Hy moet die bejaarde sien as 'n persoon wat self beslissing moet neem.** Hierin bied die herder hom egter die broederhand van christelike liefde en sorg. Op taktvolle wyse wat beantwoord aan die psigologiese vereistes van gesprekvoering, bring hy sy oue lidmaat by die Woord van God as die enigste maatstaf vir sy beslissings. Stap vir stap voer hy hom dan verder tot by die vanselfsprekende klimaks van die pastorale gesprek : DIE GEBED, wat die bron van krag en wysheid is, die asemhaling van die gelowige.

(4) **Hy moet teenoor die bejaarde staan met simpatieke begrip.** Dit bring noodwendig mee dat die christelike sielsorger tydens die pastorale gesprek na twee kante sal luister, nl. op simpatieke wyse na die bejaarde, maar ook, en veral, op gelowige wyse na die Woord van God. Tereg sê Smelik: „Hier nu komen wij bij wat de achtergrond en het meest wezenlijke van het pastorale gesprek is. De verkondiging van het Woord, dat niet uit ons is, maar uit God, het Woord van vergiffenis, vernieuwing en hoop, dat in Christus gesproken is en wordt".

C. **Inhoud :**

Thurneysen sê die inhoud van die pastorale gesprek moet gaan oor die vergewing van sondes. Gilhuis meen egter dat dit die gevaar van eensydigheid inhou. Dit moet onder andere ook daaroor gaan, maar dit is veiliger om as inhoud van die pastorale gesprek te neem die Woord van God in al sy aspekte van tug en troos.

Die temas waaroor Gunning handel in „Die Môrestond Nader", is onder andere sonde van die jonkheid; die binnekamer; blinde oë, dowe ore, magtelose voete, gebonde lippe; nuwe krag, vrugte van die ouderdom ens. Gilhuis meen dat die gesprek met oumense min of meer oor die volgende hooftemas sal gaan: leed, sonde, opdrag, seëninge, verwagtinge en vrese van die bejaarde. Uit hoofde hiervan sal die karakter van die gesprek dan oorwegend (a) vertroostend, (b) vermanend, (c) bemoedigend wees.

(a) **Vertroosting :**

'n Mens het troos nodig wanneer hy leed verduur. Die aard van die troos word bepaal deur die wyse waarop die leed gedra word. Rümke stel dit treffend: „Het lijden voert enerzijds tot de diepste belevenissen van het zijn, maar door een onmachtig ontvangen, ontvouwt het zijn volle levenvernietigende kracht". Hieruit is dit duidelik dat die predikant die oumens ten volle moet verstaan in sy leed en lyding, ten einde te weet **hoe** hy die leed verwerk. As die predikant kan slaag in hierdie meebelewing van die bejaarde se leed, sal die troos wat hy aanbied so wees soos hyself getroos sou wou wees as hy in 'n soortgelyke posisie verkeer het. En dan sou hyself nie tevrede gewees het met bolangse pogings tot tevredestelling soos: „dit is tog so jammer, maar u moet maar moed hou;" „daar het vir u darem nog so baie oorgebly om voor dankbaar te wees;" „,daar is so baie wat dit moeiliker het as u".

Hy wat leed verduur in die laat aanduur van die lewensdag, hunker na 'n groter troos wat dieper reik. Dit bestaan uit die versekering uit Gods Woord by monde van Sy dienskneg dat vir die gelowige in Christus die oordeel en straf nie dreigend **bo** hom hang nie, ook nie **voor** hom wag nie, maar reeds **agter** hom lê, omdat dit ook **vir hom volbring** is deur die Man van Smarte. So verlig die lig van verlossing in en deur Jesus Christus dan ook die donker van sy eie lydensnag. En hy besef dat sy lyding maar die ligte skadukant is van die donkerste lydensnag waarin die Seun uit die stam van Juda vir hom die stryd gevoer het, en as die Blink Môrester oorwinnend uitgetree het.

Intens, verlammend en magteloosmakend is die leed van lyding van die grysaard op sy krankbed wat ook sterfbed word. Hier moet die sielsorger met hom oor die dood praat — die dood nie as spelbreker nie, maar as nog 'n mylpaal, sy dit dan die laaste mylpaal, op die pelgrimstog na die ewigheid. Anders mag die dood vir die bejaarde kranke tot 'n skielike katastrofe word. Van den Berg (Psychologie van het Ziekbed) beskou dit nie as verkeerd om die kranke in te lig oor die erns van sy toestand nie.. Al sou dit dan sy lewe kon verkort, is die **inhoud** van sy lewe tog van meer waarde as die **duur** daarvan. Die oumens, soos trouens elke mens, moet gewys word op die feit dat die dood 'n kenmerk van die lewe is. Dit is naamlik die **eindpunt** van die lewe, net soos die geboorte die **beginpunt** is. Hierdie eindpunt, wat weliswaar radikaal is, verloor sy radikaliteit egter, as dit in die geloof gesien en aanvaar word as die deurgang, die poort tot die ewige lewe in die Vaderhuis met sy baie wonings.

Dit is eintlik onnodig om te wys op die noodsaaklikheid vir samewerking tussen arts en predikant op hierdie punt. Dit is egter wel nodig om hier ernstig te waarsku teen 'n vennootskap met die grafgrawer. Die predikant moet naamlik met oumense slegs **oor** die einde praat, maar hy moet nooit hulle einde **aankondig** nie, aangesien hy nie hulle lewe in sy hand het nie, al lyk die toestand van 'n persoon vir hom nog so haglik.

(b) **Vermaning :**

Op grond van die eerbied en respek wat aan bejaardes verskuldig is, en verder weens die aftakeling van liggaam en gees, is daar nogal die neiging om oumense se sondige gedrag te regverdig. Skriftuurlik gesien mag dit nie gebeur nie, omdat sonde skuld teenoor God en die naaste is. Die sondaar, hetsy oud of jonk, bly 'n verantwoordelike wese voor God. Daarom word in I

Tim. 5:1 gesê om 'n ouman nie heftig te vermaan nie, maar soos 'n vader. Die vaderlike vermaning sluit die tug dus in en nie uit nie.

Sielkundig gesien is dit ook vir hom nadelig, omdat hy op die wyse nie meer as van belang gesien word nie. Niemand is dan eintlik meer bekommerd oor sy geestelike welsyn nie en dit intensifieër sy minderwaardigheidsgevoel.

Dit sal verkeerd wees as die predikant altyd net oor die algemeen en in die breë sin oor sonde praat en slegs skimpe daaroor gooi. Die aangewese weg is om aan die hand van die Natansmetode die oumens self tot insig van sy afdwaling te laat kom. Dit is verder voor die hand liggend dat die dominee ook insig sal hê in die dood van daardie gebreke wat nogal ooglopend is tydens die ouderdom soos relativisme, 'n sieklike lughartigheid, 'n sieklike konserwatisme, gierigheid, intense selfsug, skynheiligheid, opstandigheid, dranksug, seksuele ontsporings ens.

Die predikant moet verder ook herderlik optree teenoor die bejaardes wat so verknog is aan die hede dat hulle gladnie wil dink aan die voortsnelling van die lewensdag na die laataand en die nag nie. Steeds moet die wekroep uitgaan: „Daar kom die Bruidegom; gaan uit Hom tegemoet". (Math. 25:6.)

En so is daar ook die passiewes in die geloof. Hier kan vrugbaar aangesluit word by Jes. 46:4; Ps. 71. Vlg. ook Titus 2:1 vv.

Ten opsigte van die vermaning moet die dominee egter ook psigologiese versigtigheid aan die dag lê. Hy moet naamlik kan onderskei tussen psigotiese en neurotiese persone. 'n Vermaning vererger dikwels die godsdienstige verwarring by persone met hierdie psigiese afwykings. Die sielsorger sal beter doen om sulke lidmate liewer in kontak te bring met 'n gelowige psigiater, en dan saam met laasgenoemde te werk.

(c) **Bemoediging :**

Bemoediging kan nie geskei word van vermaning nie, dog dit moet slegs van mekaar onderskei word. Tydens die bemoediging neem die sielsorger die geleentheid te baat om die bejaarde daarop te wys dat nieteenstaande die liggaamlike en psigiese aftakeling, hy nogtans beelddraer en kind van God bly tot die laaste stonde. So gesien bly ook sy aftakelende lewe steeds sinvol en doelgerig. In die gees van Ps. 23, Mt. 28:20, Rom. 8:31 ens., is die gelowige, en daarom ook die gelowige grysaard, nooit alleen

en aan sy lot oorgelaat nie — bly hy nog steeds in die lewensstroom ingeskakel met 'n blye verwagting in die toekoms, nl. die verheerliking wat nog moet kom.

In die lig hiervan sal daar ernstig gepoog moet word om die bejaarde altyd diep onder die besef te hou van sy selfstandigheid en die waarde van sy persoon vir sy naaste familie, vir sy kerk en maatskappy.

D. **Die Gebed**.

Die pastorale gesprek vind sy hoogtepunt in die gebed, maar dan moet dit outomaties en ongedwonge daarop uitloop.. 'n Gebed wat afgeforseer word, of wat gebruik word as die middel om dinge te sê waarvoor andersins nie die moed bymekaar geskraap kan word nie, moet liewers nagelaat word.

Dit is vanselfsprekend dat mense slegs dan kan saam bid wanneer hulle eenders voel, saam worstel en saam hunker en jaag na ongesiende, onvervulde maar tog diep begeerde dinge . . . „so asof hulle dit ook kan gryp".

In die gebed word die node en behoeftes van die bejaarde voor die troon van genade gebring.

E. **Slot:**

Niemand sal kan besef hoe graag bejaardes in hulle ouderdom en eensaamheid besoek ontvang nie.
Die besoek van die dominee is vir die bejaarde egter 'n ander soort besoek omdat hy dit altyd in verband bring met sy geestelike versorging.

Daarom is die grysaard daarop gesteld om sy eie predikant by hom op besoek te hê en nie 'n hele reeks predikante nie, want hy pas hom nie meer so maklik by vreemdelinge aan nie.
Derhalwe moet die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon word dat 'n vaste predikant oue tehuise sal besoek.

Die grysaard verwelkom dit verder dat sy predikant op bepaalde en vaste tye sy opwagting sal maak, want onverwagte besoeke maak inbreuk op sy roetine en werk psigiese verwarring in die hand.

Wanneer die predikant sonder kerkraadslede sy besoek bring, is dit minder vermoeiend vir die bejaarde. Hy kan hom nie meer so maklik instel op twee besoekers tegelyk nie.

Wat baie belangrik is, is dat die predikant sy besoeke aan die bejaardes nie aan ander moet oordra of oorlaat nie. Dit wek by hom die indruk dat die besoek aan hom van minder belang is. Dit versterk gevolglik sy minderwaardigheidsgevoel en laat hom nog meer verworpe voel.

„ . . . en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra" (Jes. 46:4).